

Dinsdag 9 Februarie

Skrifgedeelte: 1 Timoteus 2:1-7; HK Sondag 6, Vraag 18

Fokusgedeelte: 1 Timoteus 2:5

Die Middelaar: ons Here Jesus Christus

Met die antwoord op Vraag 18 staan ons by 'n hoogtepunt in ons belydenis. Hier word die Middelaar tussen God en die mens aangewys. Hy word met drie Name genoem: *Here Jesus Christus*. Dit is belangrik om daarvoor te besin, want sy Name is Openbaringsname. Dit beteken dat sy Name aan ons sê Wie Hy is en watter diens Hy op aarde verrig en nog uit die hemel verrig.

Die Naam *Here* dui Hom aan as die Een wat oor alles in die hemel en op die aarde heers. Hy is die Eienaar van en die Regeerder oor alles en almal in die volste sin van die woord (Op. 19:16). Wie Hom as *Here* bely, aanvaar daarmee sy heerskappy en onderwerp hom daaraan. Hoewel Jesus van sy geboorte af as *Here* aangedui word (Luk. 2:11), kom sy *Here*-wees veral ná sy opstanding tot openbaring. Dan sê Hy: “Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde” (Matt. 28:18).

Die Naam *Jesus* wat Hy reeds voor sy geboorte van God ontvang het, dui Hom aan as die Verlosser van sonde (Matt. 1:20-21). Jesus is die Griekse vorm van die Hebreeuse *Jesjoea* wat weer 'n verkorting is van *Jehosjoea*. Daarin herken ons die Naam *Jahweh* en 'n werkwoordsvorm wat die betekenis het van help, red en verlos. Die Naam *Jesus* wil dus aan ons sê: Die *Here* verlos. Enersyds verlos Hy ons van die ewige straf op die sonde. Andersyds verskaf Hy aan ons deur sy verlossing die grootste geluk, vrede en blydskap van alles wat heerlik is. So is Hy ons Saligmaker.

Die Naam *Christus* wys op die Middelaar as die Messias. Hy is die Gesalfde van die *Here*. Hy is die Ampsdraer wat God se groot werk hier op aarde moes kom verrig. God het Hom met die Heilige Gees gesalf (Luk. 3:21, 22; 4:18, 19) en Hom op dié wyse aangewys en aangestel en na sy menslike natuur bekwaam gemaak om deur die verrigting van sy ampswerk vir ons verlossing van sonde en die ewige lewe te verwerf.

So 'n Middelaar het ons nodig, want Hy is God en mens in een Persoon verenig. Ons kan Hom aanbid, want Hy is God, terselfdertyd is Hy baie naby aan ons, want Hy is mens. Omdat Hy mens is, kon Hy vir ons sondes sterf; omdat Hy God is, kon Hy die toorn van God oor ons sondes aan sy mensheid dra. In Hom word die liefde en wysheid van God met die oog op ons verlossing op 'n aangrypense wyse geopenbaar.